Nuusbrief 197

12 Junie 2015

Geagte Lede,

REAGENSE - STANDAARD RAKLEEFTYDVOORSKRIFTE VIR DIE BEDRYF

Gedurende die eerste rondte SAWPA streekvergaderings wat in Maart vanjaar gehou, het Willie Conradie van Timberlife kommer uitgespreek oor die verskillende en soms botsende rakleeftydvoorskrifte wat deur die verskillende chemiese en sertifiseringsmaatskappy voorgeskryf word. Daar was eenstemmigheid dat ‘n bedryfsriglyn opgestel word. Die SAWPA Chemiese Forum, onder leiding van die Willie Conradie, het ‘n ou SABS Houtafdelingriglyn van 1994 hersien en die aangehegte rakleeftydvoorskrifte vir gebruik deur behandelaars, chemiese maatskappye en sertifiseringsliggaaminspekteurs ontwikkel. Die dokument dui die spesifieke SANS-metode, chemiese reagense, rakleeftyd en storingsvoorskrifte aan. Lede word versoek om die gestandaardiseerde riglyn as deel van kwaliteitskontrole in werking te stel, toepaslik tot u aanleg se prosesse.

SANS 1288 – VOORGESTELDE WYSIGING

Neem kennis van die voorgestelde wysiging van SANS 1288 aangeheg, en wat ingedien is vir oorweging deur die Tegniese Komitee verantwoordelik vir standaardisering in die houtverduursamingsbedryf. Die doel van die voorstel is om die behandeling van moeilik behandelbare gesaagde hout vir H2-doeleindes toe te laat. Die voorstel is tweeledig deurdat die eerste voorstel daarop gemik is om “envelope treatment” van moeilik penetreerbare sagtehoutspesies bv. Spruce, met verduursamingsmiddels in ligte organiese oplosmiddels toe te laat. Spruce word al hoe meer in die geproklameerde kusgebiede gebruik waar *hylotrupes bajulus* (Italiaanse huisskewer) en *cryptotermes brevis* (droëhouttermiet) ‘n bedreiging inhou vir strukturele sagtehoutspesies. Indien onbehandel gelaat sal die hout heelwaarskynlik met tyd geïnvesteer word tot die nadeel van die huiseienaar. Die tweede voorstel handel oor die behandeling tot weiering (refusal) van gesaagde eucalyptus met waterbasis-verduursamingsmiddels om te verseker dat die beperkte maar beskikbare spinthout ten minste voldoende beskerm is teen *lyctus brunneus* (powder post beetle) aanvalle. Beide die voorstelle is voorwaardelik tot die voldoening aan sekere minimum prosesvereistes. SAWPA dien as amptelike stemgeregtigde en verteenwoordigende lid van SAWPA-lede. Indien enige lid wat nie direk op die komitee dien nie kommentaar wil lewer, rig dit asseblief aan SAWPA voor die 26ste Junie. Dit is belangrik om te benadruk dat die voorstel slegs tot H2 bogrondse binnegebruik beperk is, waar verrotting spesifiek nie ‘n bedreiging is nie, maar insekskade wel moontlik is.

SANS METODE OM FIKSERING VAN KCA TE BEPAAL

Met die beplande publisering van SANS 10005 Ed 8 later vanjaar, waarin dit nie meer bloot ‘n aanbeveling is nie, maar ‘n vereiste dat KCA eers gefikseer moet wees alvorens die hout versend mag word, het die SAWPA Chemiese Forum ‘n toetsmetode ontwikkel om fiksasie te bepaal. Die metode sal ingesluit word in SANS 5993 wat tans slegs vir die opsporing van Chroom VI gebruik word. Die hersiende SANS metode sal dus voorsiening maak vir beide opsporing van Chroom IV, sowel as om the bepaal of Chroom VI oorgeskakel het na Chroom III, en dus gefikseer is. Beide prosedures maak gebruik van dieselfde reagense. Die voorgestelde konsepdokument is byna afgehandel en sal eersdaags ingedien word vir oorweging en goedkeuring deur die SABS tegniese komitee.

BBSEB KODES – ADDISIONELE KLARINGSVERGADERING

Verder tot die vorige nuusbrief waarin ons verslag gedoen het oor die klaringskennisgewings wat onderskeidelik op 1 en 15 Mei gepubliseer was. Die “Forest Sector Charter Council” sekretariaat rig ‘n uitnodiging aan alle bosbou

verwante maatskappye om ‘n verdere klaringsvergadering by te woon. Die vergadering word gehou op die 26ste Junie by die SAFCA raadsaal te Hulley Weg, Isando. Beamptes van die Departement Handel en Nywerheid sal die byeenkoms toespreek en klaring gee aan die wat meer inligting verlang rakende status van die generiese kodes vis-a-vis die hersiende Bosbou Sektor Kodes. Lede wat belangstel om die vergadering by te woon moet asseblief die FSCC sekretariaat laat weet by 011 392 1394. Die uitvoerende direkteur van die FSCC het aangedui dat verdere vergaderings in ander streke beplan word, maar dat die datums en plekke afhang van die Departement Handel se beskikbaarheid.

WEBTUISTE – VERANDERINGE AAN LEDE SEKSIE

Neem kennis dat die “MEMBER” afdeling van ons webtuiste onlangs hersien is met geringe veranderinge aan die basiese uitleg en volgorde wanneer die afdeling besoek word. Die meer prominente veranderinge is egter te sien wanneer daar op die woord “TREATED TIMBER” geklik word. Twee areas word dan oopgemaak, waarvan die eerste die gedeelte is waar lede wat so versoek het se inligting en kentekens, asook direkte skakels, gegee word. Die tweede een bevat nou lyste volgens streke, en die lyste bevat al die lidmaatskappye, hul kontakbesonderhede, webtuisteskakel, die toepaslike SANS produkspesifikasies, asook die tipe verduursamingsmiddels beskikbaar.

Die doel van die lyste is vir verbruikers om te kan sien waar die naaste afsetpunt vir behandelde houtkommoditeite gevind kan word. Lede word versoek om na die lyste te kyk en te sien of u tevrede is met die korrektheid van u inligting, en ons te kontak indien u enige veranderinge en byvoegings wil maak. Byvoorbeeld, sommige maatskappye wat tans meer as een aanleg gelys het, mag dalk verkies dat daar eerder na ‘n sentrale verkoopkantoor verwys moet word in plaas van die vervaardigingsaanleg/te.

Die veranderinge is slegs die begin van wat besmoontlik ‘n totale herstrukturering van ons webtuiste mag word, aangesien ander opgraderings en veranderinge ook oorweeg word.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan SAWPA webtuiste in Mei was 45346.

- BLOEMBUILD EKSPO: SAWPA gaan ‘n uitstalspassie by die Bloembuild Ekspo beman wat plaasvind vanaf 23 tot 24 Julie. Die Ekspo word deur die Vrystaat se Instituut vir Argitekte asook die UVS Departement van Argitektuur aangebied, en vind plaas by die Callie Human Sentrum van die Universiteit van die Vrystaat.

- SPECIFILE: Sedert ons verlede maand op Specifile geplaas was het ons reeds 318 besoeke aan die SAWPA bladsye gehad. Ons beplan om SAPWA ne sy lede se blootstelling mettertyd uit te brei, en indien lede enige goeie idees het, kan julle dit gerus met ons deel.

- WAARSKUWINGSETIKETTE: Onthou om die rolle waarskuwingsetikette aan te vra van SAWPA teen geen koste vir lede. Die nuwe weergawe van SANS 10005 sal binnekort gepubliseer word waarna die aanbring van waarskuwingsetikette nie meer ‘n aanbeveling sal wees nie, maar voorskriftelik word.

- XIV WERELD BOSBOU KONGRES: Net ‘n herinnering vir die lede wat dalk belangstel om die XIV Wêreld Bosbou kongres by te woon: Dit word in Suid Afrika aangebied en vind vanaf 7-11 September 2015 in Durban plaas. Besoek die amptelike XIV World Forestry Congress webtuiste www.wfc2015.org.za vir meer inligting.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.